Hoe jy te werk moet gaan om jou vakke vir graad 10 te kies.

- Bestudeer jou huidige graad 9-uitslae in elk van jou vakke.
- Maak 'n lys van die drie verpligte vakke wat jy in graad 10 moet doen. (d.w.s. Huistaal, Eerste Addisionele Taal en Lewensoriëntering).
- Dink oor die ander vakke waarvan jy hou en skryf hulle in voorkeurvolgorde neer.
- Vra jouself 'n paar sleutelvrae vir elk van hierdie vakke af: Doen ek goed in hierdie vak? Watter loopbaan wil ek graag na skool volg? Hoe sal hierdie vak my in my verdere studies en loopbaan help?
- Bepaal laastens jou prestasie in Wiskunde en, met die advies van jou Wiskunde onderwyser of jou ouers, besluit of dit beter is om Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid te neem.
- Maak jou vakkeuse. Besin weer na 'n paar dae daaroor.
- Trek nou jou finale lys van vakke wat jy gaan doen op. Gebruik die tabel op die volgende bladsy om jou met jou besluit te help.

Vir graad 10-12 moet jy die volgende kies:

- Twee tale: 1 Huistaal & Eerste Addisionele Taal (jy kan ook twee Huistale kies).
- Óf Wiskundige Geletterdheid óf Wiskunde.
- Lewensoriëntering (hierdie vak is verpligtend).
- Enige vier ander vakke, om jou 'n totaal van 7 vakke te gee.

Assesserings: Die JNA en Sistemiese Assessering

Graad 9-leerders skryf spesiale toetse elke jaar, nl. die Jaarlikse Nasionale Assesserings (JNA). Hierdie toetse word normaalweg in September geskryf. Die doel van hierdie toetse is om jou vaardighede in Wiskunde en Tale te assesseer. Dit word verwag dat elke graad 9 leerder in die land die JNA's skryf.

As 'n graad 9-leerder moet jy ernstig oor die Jaarlikse Nasionale Assesserings wees omdat dit jou sal help om die areas te identifiseer waaraan jou nog moet werk voordat jy die VOO-fase betree.
Jy kan die resultate van die Jaarlikse Nasionale Assessering gebruik om jou te lei, veral in jou besluit om óf Wiskunde óf Wiskundige Geletterdheid te neem in Graad 10. Bespreek dit met jou onderwyser en ouers / voogde voordat jy tot dié gevolgtrekking gekom het.
Werk hard deur die jaar want hierdie toetse word gewoonlik in Oktober van elke jaar afgeneem.

In Oktober sal jy ook die graad 9 Taal en Wiskunde sistemiese toetse skryf - soos dié wat jy in graad 6 geskryf het.

Hoewel nie een van die bogenoemde toetse sal tel vir jou Gr 9 punte nie, gee hulle aan jou 'n geleentheid om oefening te kry in die skryf van 'n volledige eksamen. Neem 'n paar dae voor die toetse om die jaar se werk oor te gaan sodat jy seker is vir die November-eksamens. Hierdie soort hersiening van kwartale 1 tot 3 se werk is veral goed vir Wiskunde omdat dit jou help om te onthou wat jy geweet het, maar moontlik net vergeet het.

Streef altyd om hard te werk en jou beste te doen!